BKB Afrika Lewendehawe Ekspo - Parys

NIE-HALTERMAK SKOU PAKKET 2021

Die Brahman Beestelersgenootskap van SA

Tel: 051 446 4619

Faks: 051 446 3148

E-pos: info@brahman.co.za

Web: www.brahman.co.za

AMPTELIKE 2021 SKOUKLASSE

- Raadpleeg asseblief die Algemene Reëls op bl. 4
- Volgorde van beoordeling: Vroulik en Manlik.
- Die voorgestelde inskrywingsvorm word ingesluit.
- Afsnydatum vir die bepaling van ouderdom is **1 September 2021**.

NIE-HALTERMAK SKOUKLASSE

VROULIKE DIERE

KLAS 100: VERSKALF 8 TOT 12 MAANDE (WIT)
KLAS 101: VERSKALF 8 TOT 12 MAANDE (ROOI)
KLAS 102: VERSKALF 12 TOT 15 MAANDE (WIT)
KLAS 103: VERSKALF 12 TOT 15 MAANDE (ROOI)

KAMPIOEN VERSKALF (WIT) (KLASSE 100 & 102)
RESERWE KAMPIOEN VERSKALF (WIT)
KAMPIOEN VERSKALF (ROOI) (KLASSE 101 & 103)
RESERWE KAMPIOEN VERSKALF (ROOI)

KLAS 104: VERS 15 TOT 20 MAANDE (WIT)
KLAS 105: VERS 15 TOT 20 MAANDE (ROOI)
KLAS 106: VERS/KOEI 20 TOT 24 MAANDE (WIT)
KLAS 107: VERS/KOEI 20 TOT 24 MAANDE (ROOI)
KLAS 108: VERS/KOEI 24 TOT 30 MAANDE (WIT)
KLAS 109: VERS/KOEI 24 TOT 30 MAANDE (ROOI)
KLAS 110: KOEI 30 TOT 36 MAANDE (WIT)
KLAS 111: KOEI 30 TOT 36 MAANDE (ROOI)

JUNIOR KAMPIOEN VERS/KOEI (WIT) (KLASSE 104,106,108 & 110)
RESERWE JUNIOR KAMPIOEN VERS/KOEI (WIT)
JUNIOR KAMPIOEN VERS/KOEI (ROOI) (KLASSE 105,107,109 &111)
RESERWE JUNIOR KAMPIOEN VERS/KOEI (ROOI)

KLAS 112: KOEI 36 TOT 42 MAANDE (WIT)
KLAS 113: KOEI 36 TOT 42 MAANDE (ROOI)
KLAS 114: KOEI 42 TOT 48 MAANDE (WIT)
KLAS 115: KOEI 42 TOT 48 MAANDE (ROOI)
KLAS 116: KOEI 48 TOT 60 MAANDE (WIT)
KLAS 117: KOEI 48 TOT 60 MAANDE (ROOI)

KLAS 118: Superkoei: Wit – Minstens 3 kalwings, maksimum TKP 390 dae. Reproduksie (kalwings per ouderdom) tel 60% en beoordelaarspunte 40%

KLAS 119: Superkoei: Rooi – Minstens 3 kalwings, maksimum TKP 390 dae. Reproduksie (kalwings per ouderdom) tel 60% en beoordelaarspunte 40%

SENIOR KAMPIOEN KOEI (WIT) (KLASSE 112,114 & 116)
RESERWE SENIOR KAMPIOEN KOEI (WIT)
SENIOR KAMPIOEN KOEI (ROOI) (KLASSE 113,115 & 117)
RESERWE SENIOR KAMPIOEN KOEI (ROOI)
GROOTKAMPIOEN VROULIKE DIER (WIT & ROOI NEEM DEEL)

MANLIKE DIERE

KLAS 120: BULKALF 8 TOT 12 MAANDE (WIT)
KLAS 121: BULKALF 8 TOT 12 MAANDE (ROOI)
KLAS 122: BULKALF 12 TOT 15 MAANDE (WIT)
KLAS 123: BULKALF 12 TOT 15 MAANDE (ROOI)

KAMPIOEN BULKALF (WIT) (KLASSE 120, 122,)
RESERWE KAMPIOEN BULKALF (WIT)
KAMPIOEN BULKALF (ROOI) (KLASSE 121, 123)
RESERWE KAMPIOEN BULKALF (ROOI)

KLAS 124: BUL 15 TOT 20 MAANDE (WIT)
KLAS 125: BUL 15 TOT 20 MAANDE (ROOI)
KLAS 126: BUL 20 TOT 24 MAANDE (WIT)
KLAS 127: BUL 20 TOT 24 MAANDE (ROOI)
KLAS 128: BUL 24 TOT 30 MAANDE (WIT)
KLAS 129: BUL 24 TOT 30 MAANDE (ROOI)
KLAS 130: BUL 30 TOT 36 MAANDE (WIT)
KLAS 131: BUL 30 TOT 36 MAANDE (ROOI)

JUNIOR KAMPIOEN BUL (WIT) (KLASSE 124,126 & 128, 130)
RESERWE JUNIOR KAMPIOEN BUL (WIT)
JUNIOR KAMPIOEN BUL (ROOI) (KLASSE 125,127, 129, 131)
RESERWE JUNIOR KAMPIOEN BUL (ROOI)

KLAS 132: BUL 36 TOT 42 MAANDE (WIT)
KLAS 133: BUL 36 TOT 42 MAANDE (ROOI)
KLAS 134: BUL 42 TOT 48 MAANDE (WIT)
KLAS 135: BUL 42 TOT 48 MAANDE (ROOI)
KLAS 136: BUL 48 TOT 60 MAANDE (WIT)
KLAS 137: BUL 48 TOT 60 MAANDE (ROOI)

SENIOR KAMPIOEN BUL (WIT) (KLASSE 132,134, 136)
RESERWE SENIOR KAMPIOEN BUL (WIT)
SENIOR KAMPIOEN BUL (ROOI) (KLASSE 133, 135, 137)
RESERWE SENIOR KAMPIOEN BUL (ROOI)
GROOTKAMPIOEN BUL (WIT & ROOI NEEM DEEL)
RASKAMPIOEN (ALLE GROOTKAMPIOENE NEEM DEEL)

KLAS 138: BREEDPLAN VROULIKE DIER OP DIE SKOU.
Verleen erkenning aan vroulike diere wat in albei genetiese prestasie (teelwaardes – btw) en visuele voorkoms uitblink.

KLAS 139: BREEDPLAN MANLIKE DIER OP DIE SKOU
Verleen erkenning aan manlike diere wat in albei genetiese prestasie (teelwaardes – btw) en visuele voorkoms uitblink.

ALGEMENE REËLS

1. **Amptelike Brahman Skou Katalogus**
   'n Katalogus met jongste amptelike besonderhede sal aan 'n skou voorsien word mits:
   (i) die ingeslote amptelike inskrywingsvorm ten minste een (1) maand voor die beoordelingsdatum per faks of e-pos aan die Brahman kantoor voorsien is;
   (ii) die afsnydatum vir die berekening van die ouderdomme vir elke klas moet wees op die eerste dag van die maand waarin geskou word en aan die Brahmankantoor voorsien word;
   (iii) **Groep / Individuele Klas inskrywingsfooi R250, (1ste stel beddegoed ingesluit).**
   (vi) **Diere wat aan die Nasionale veiling deelneem is nie verplig om geskou te word nie, maar sal gekeur word deur 'n keurkomitee om veilingsgeskiktheid te bepaal.**
   (v) Geen inskrywingsgeld sal terugbetaal word na afsnydatum nie.

Inskrywingsfooie is betaalbaar aan die: Africa Livestock Expo
First National Bank (FNB)
Takkode 210554, Tjek rekening
Rekening Nommer 62831957892
Verwysing – Lidnommer of Kuddenaam

(vii) Stuur bewys van betaling aan carla@serfonteinboerdery.co.za.

2. **Nie-amptelike katalogus**
   Indien die skou self die katalogus saamstel MOET die volgende op die voorblad verskyn: **"Besonderhede nie deur die Brahman Genootskap gekontroleer nie".**

3. **Beoordelaars**
   Word deur die Brahman Genootskap aangestel. Besonderhede sal vroegtydig aan die skoukomitee voorsien word. Die skakelpersoon by die Genootskap is Sietze Smit 083 712 9965 of die Brahmankantoor, 051-4464619.

4. **Identifisering en eienaarskap**
   Geen dier sonder amptelike oor tatoeëring en, indien ouer as 15 maande, amptelike brandmerk, sal in die ring toegelaat word nie.
   Indien 'n aangekoopte dier tydens katalogus samestelling nog nie amptelik aan die vertoner oorgedra is nie sal die dier onttrek word.

5. **Skou Genootskap reëls**
   Uitstallers moet voldoen aan alle Veeartsenykundige Regulasies, vervoer permitte en ander skousake. BM en TB sertifikate moet by aankoms van diere beskikbaar wees.

6. **Rooi en Wit klasse**
   Indien meer as 30 rooi of wit Brahmane ingeskryf is, MAG wit en rooi apart beoordeel word.

7. **Dragtigheid en vrugbaarheid**
   Vroulike diere wat die ouderdom van 30 maande bereik het, moet die dag van beoordeling as dragtig gesertifiseer wees, of alreeds gekalf het. **Kalf moet vertoon word.** Verse van 24 – 30 maande hoef nie gesertifiseer te wees nie, maar indien gesertifiseer as dragtig, sal dit tot hulle voordeel wees.
   Dragtigheid ondersoeke moet deur 'n veearts gedoen word en sodanige sertifisering moet voor beoordeling aan die Brahman Tegniese Adviseur (TA) oorhandig word. Die TA sal die sertifikate aan die kantoor voorsien vir bewaring.

8. **Kalfdatums**
   Alleenlik kalfdatums (geboortekennisgewing) wat by die kantoor ingedien is ten tye van katalogus daarstelling, sal geld. Spoelings word gehanteer volgens amptelike 'Skedule O' sertifikate wat ingedien is.

9. **Kalwers**
   'n Koei sonder 'n kalf en wat nie dragtig is nie, word nie beoordeel nie.

10. Diere jonger as 8 maande

Geen diere jonger as 8 maande sal toegelaat word of mag geskou word nie.

11. Maksimum aantal diere

Geen beperking word neergelê op die maksimum aantal diere wat 'n vertoner mag inskryf nie.

12. **Superkoeie Breedplan bulle en Vroulike diere word NIE toegelaat om deel te neem aan die Kampioenskappe nie**.
Die Superkoei en Breedplan wenners, manlik sowel as vroulik, mag nie deelneem aan die Kampioenskappe nie, tensy hulle in hulle individuele klasse gewen het. Breedplan wenners mag aan die Kampioenskappe deelneem as klaswenners. Breedplan wenners mag ook aan die RAS Kampioenskap deelneem, nie omdat hulle die Breedplan klasse gewen het nie, maar omdat hulle 'n Intermediêre of Junior Kampioenskap gewen het.

NIE-HALTERMAK SKOU REËLS

1. Die aanbieding van nie-haltermak skoue sal as **Nie-haltermak** bekend staan ten einde dit van haltermak skoue te onderskei. Byvoorbeeld: Swartruggens Nie-haltermak 2019 of Nasionale Nie-Haltermak 2010.
2. Die Nasionale Nie-haltermak behoort samelopend met die gewone Nasionale Kampioenskappe aangebied te word.
3. Die Genootskap se skou reëls sal van toepassing wees, behalwe waar dit direk en logies teenstrydig is met haltermak skou reëls.
4. Alle hanteerders in krale sal volgens die voorskrif geklee wees.
5. Die Beoordelaarsbeleid van die genootskap sal van toepassing wees
6. Wit en Rooi diere word afsonderlik beoordeel. 'n Minimum van 30 diere per kleur is nodig om apart te skou. As daar nie 30 van 'n tipe is nie, skou die diere saam.
7. Beoordelaars word deur die Genootskap aangewys.
8. Inskrywings mag beperk word indien dit logisties nodig is.
9. **Geen dier mag by dieselfde skou in beide die haltermak en die Nie-haltermak deelneem nie.**
   (a) Geen dier wat ingeskryf was by 'n Haltermak klas, mag ooit weer in die Nie-haltermak skou, vertoon word nie.
   (b) 'n Vertoner mag verskillende diere vertoon in Haltermak en Nie-haltermak klasse by dieselfde skou.
10. Groepklasse word nie aangebied nie.
11. **Diere** ouer as 20 maande met 'n vars brand mag nie geplaas word nie.
12. 'n Koei moet vertoon word met haar eie **volgeregistreerde Brahman kalf.**
13. **'n Kalf vertoon saam met 'n koei mag nie ouer wees as 210 dae op die dag van beoordeling nie.**
14. **Slegs volgeregistreerde diere sal beoordeel word.**
15. **Manlike diere**
    Gesplete testes minder as 5cm word toegelaat.
16. **Testes grootte (skrotum omvang)**
    'n Brahdex punt van minder as 5 sal nie geplaas word nie.

17. Brahdex metings sal by skoue gedoen word, waar meer as 50 diere vertoon word
18. Slegs drie plasings word gemaak.
19. Die ring moet ten minste 18m x 18m wees.
20. **Hou-krale**
    Genoeg hou-krale moet beskikbaar wees vir die beoordelingsproses.
    Diere wat eerste en tweede geplaaas is, sal in die houkrale geplaas word tot daardie kategorie se kampioenskappe beoordeel word.
21. Wilde en moeilik hanteerbare diere word summier gediskwalifiseer.
22. Diere wat nie skougereed is nie, sal gediskwalifiseer word en **nie in die ring toegelaat** word nie. Die tegniese beampte of behoorlik aangestelde persoon se beslissing is finaal.
23. Dit is die uitsluitlike plig van die vertoner om toe te sien dat die ingeskrewe diere betyds by die hou kraal is. Die vertoner se hanteerders moet die dier na beoordeling weer na sy kraal vat of indien nodig na die wag krale vir die kampioenskappe.
24. Geen dier sal enigsins met 'n halter hanteer word nie, ongeag of die dier wel haltermak is. Dit sluit in vanaf die aflaai totdat die diere vertrek.
25. Reëlingskomitees van skoue moet vroegtydig by die Genootskap aansoek doen om 'n **Nie-haltermak** aan te bied.
26. Die ring moet beman word deur twee ringgidse sowel as een wat die diere tot die ring toelaat. Verkieslik junior beoordelaars sal gebruik word as ringgidse.
27. Agter by die krale is ten minste 4 persone (1 in beheer) nodig om te help met die uithaal en terugplasing van diere wat beoordeel word.
28. 'n Verpligte vertonersvergadering moet die dag voor beoordeling gehou word om die reëls met die vertoners te bespreek.

BRAHMAN SKOU INSKRYWINGSVORM

vir 'n amptelike katalogus *(Also available in English)*

- Raadpleeg asseblief die "Algemene reëls" en verwys na die Klasse vir Klas nommers.
- Hierdie moet die Brahmankantoor voor of op **13 Augustus 2021** bereik d.m.v. 'n epos kitty@brahman.co.za of faks na 051 – 446 3148.

Naam vertoner ..... **Lidnr** .....

NIE-HALTERMAK

INDIVIDUELE KLASSE					
Klas nr	ID - Brand	Naam (net vir ID kontrole)	**M**anlik **V**roulik	**W**it **R**ooi	**Veiling Ja/Nee**

Ek verklaar dat ek by ondertekening hiervan die eienaar van hierdie diere is, dat die ID/brand ooreenstem met die amptelike ID by die Genootskap en ek aanvaar dat hierdie inskrywings en beoordeling daarvan onderworpe is aan die reëls en regulasies van die skou genootskap en die Brahman Beestelersgenootskap van SA.

....2021
Handtekening Datum